



27 Maart 2015

Predikante
Kerkrade
Ringskommissies

Geagte kollega, kerkraad, en ringskommissie

VERANTWOORDELIKHEDE MET BETREKKING TOT BESTUUR VAN INLIGTING

By die onlangse Inligting- en Besprekingsvergadering het ek baie kortliks probeer om julle aandag te vestig op die groot verantwoordelikheid wat ons dra met betrekking tot die bestuur van inligting in die gemeente en in die ring. In die verlede is ons verantwoordelikheid slegs deur die **Kerkorde** omskryf, maar nou is daar ook al meer **wetgewing** wat 'n groot verantwoordelikheid op ons skouers plaas. Elke predikant, elke kerkraad(slid), en elke lid van 'n ringskommissie dra nou die wetlike verantwoordelikheid van 'n fidusiêre persoon en moet gesamentlik en individueel aan die owerheid en selfs voor die hof kan verantwoording doen oor die maatreëls wat in plek gestel is om die gemeente en ring se inligting te bestuur.

Hierdie skrywe poog om meer inligting te verskaf sodat al die betrokkenes formeel die nodige **besluite** kan neem en gepaste **maatreëls** in plek kan plaas.

1. Kerklike administrasie en Kerkordelike bepalings

In die verlede was die ou ABC-verslae 'n meganisme om predikante en kerkrade aan hulle kerkordelike verantwoordelikhede te herinner. Deesdae moet elke gemeente telkens voor die ringsvergadering 'n jaarverslag indien wat uit drie afdelings bestaan: statistiek, kerklike goedere, en die gemeentelike bedieningsplan. Daar is minder uitdruklike klem op die administrasie in 'n gemeente en meer op die bediening. Nogtans dui die Kerkorde op talle plekke aan wat die administratiewe verantwoordelikheid van verskillende persone en instansies is, en ons wys graag die volgende plekke uit (die syfers in hakies wys telkens na die betrokke ordinansies in die Kerkorde soos gewysig deur die 70ste AKV):

- Predikant – lei vergaderings (2.1.5.xiii), hou saam met die kerkraad toesig oor stoflike en administratiewe belange van die gemeente (2.1.5.xvi)



- Ouderling – is medeverantwoordelik vir die ordelike bestaan van die gemeente (2.3.13)
- Ouderlingevergadering – versorg, beskerm, regeer en lei die gemeente (3.1.2.i), behandel lidmaatskapsake (3.1.2.xiv, veral die lidmaatregister), behandel verslae (2.1.3.xxiii en xxvi), en hou saam met predikant toesig oor argiefstukke (2.1.3.xxviii)
- Diakensvergadering – behandel verslae en doen self verslag oor diens van barmhartigheid (3.2.2.v)
- Kerkraad – is verantwoordelik vir gemeentelike administrasie (3.3.2.vi), adresveranderinge (3.3.2.vii), stoflike belange van die gemeente (3.3.2.ix), notules, korrespondensie en dokumentasie (3.3.2.x), sensus en verslag aan ringsvergadering (3.3.2.xi), jaarverslag aan ringsvergadering (3.3.2.xii), lê stukke aan bykomende vergaderings voor (3.3.2.xv) en verkry advies oor eiendomsake (3.3.2.xvii en 3.3.2.xviii)
- Ringsvergadering – sien toe dat die ringskommissie gemeentes se boeke nasien (3.4.2.vii e), visitasie reël (3.4.2.viii), aandag gee aan verslae (3.4.2.xv), toesien dat gemeentes se finansiële state jaarliks geouditeer word (3.4.2.xvi), en sorg vir dokumentasie en prosesse by gemeentestigting, samesmelting of ontbinding (3.4.2.xx). Die ringskommissie en ringskriba is verantwoordelik vir 'n verslag van die ringsvergadering, indien van die lys van inligting vir die Almanak, en die byhou van die inventaris van inligtingsbronne.
- Ringsdiakensvergadering – gee aandag aan verslae (3.6.2.iv; ix; xiii)
- Gemeentevergadering – behandel begroting (4.5.2.iv), geouditeerde finansiële verslag (4.5.2.v)

2. Wetgewing (vgl by Southern African Legal Information Institute – www.saflii.org)

Daar is verskillende wette wat voorskryf watter inligting enige instansie (insluitend 'n kerkraad, ringsvergadering of kerkgenootskap) moet bewaar en beskikbaar stel aan 'n persoon of instansie wat daarby belang het. Dit sluit in:

- Nasionale Argiefwet (Wet 43 van 1996)
- Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995)
- Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI, Engels: PAIA; Wet 2 van 2000)
- Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (WBPI, Engels: POPI; Wet 4 van 2013; word van krag op 31 Desember 2015)
- Wetgewing en regulasies met betrekking tot die SA Inkomstediens (SAID)



Toegang tot inligting is 'n mensereg wat deur Afdeling 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No 108 van 1996) beskerm word. Dit beteken eerstens dat elke kerkraad en ringsvergadering in terme van die WBTI (PAIA) die nodige dokumentasie moet bewaar. Elke kerkraad en ringsvergadering moet tweedens die prosedure uiteensit waarvolgens belanghebbendes kan aansoek doen om daartoe toegang te kry. Laastens moet die kerkraad of ringsvergadering dan hierdie inligting (en *slegs* die tersake inligting) beskikbaar stel aan aansoekers wat daarby belang het.

Vir hierdie doel moet elke kerkraad en ringsvergadering in terme van Artikel 51 van die WBTI 'n **handleiding opstel** en formeel **per besluit op 'n vergadering** aanvaar waarin hierdie prosedures duidelik uiteengesit word. 'n Konsephandleiding vir dié doel wat onveranderd of met toepaslike wysigings aanvaar kan word, vergesel hierdie brief. Die Kommissie van die AKV versoek dat alle gemeentes en ringsvergaderings om so gou moontlik so 'n handleiding op te stel, per besluit te aanvaar, en dienooreenkomstig **toe te sien dat die nodige dokumentasie veilig bewaar word**.

Die **Inventaris van inligtingsbronne** wat reeds vroeër aan gemeentes gestuur is (en nou weer aangeheg word, en ook op die webblad van die Kerk beskikbaar is), is opgestel om vir gemeentes 'n lys te bied van die soort dokumentasie wat bewaar moet word, en om ook aan te dui vir watter periode sulke dokumentasie bewaar moet word.

Die doeldatum hiervoor is 30 Junie 2015. Die ringskommissie word versoek om toe te sien dat elke gemeente in die ring teen dié datum so 'n handleiding aanvaar het en die nodige dokumentasie in plek geplaas het om daaraan uitvoering te kan gee.

Aan die ander kant verwag die WBPI-wet (POPI, 2013) wat waarskynlik op 1 Januarie 2016 in werking tree, dat enige instansie persoonlike inligting met betrekking tot individue moet beskerm. Dit vereis weer van elke kerkraad en ringsvergadering om maatreëls in plek te plaas wat redelikerwys kan verhoed dat derde partye persoonlike inligting van lidmate bekom. 'n Kerkraad of ringsvergadering is dus verantwoordelik om toe te sien dat dokumente, notules, kontakinligting en persoonlike inligting van lidmate nie vir ander partye toeganklik is nie.



3. Gemeentes en ringsvergaderings se verantwoordelikheid

Elke predikant en elke lid van 'n kerkraad, finansiële komitee of ander verantwoordelike vergadering word gesien as 'n fidusiêre persoon van die gemeente. Dit beteken dat elkeen van ons wetlik verantwoordelik is vir die bestuur van die gemeente of ring onder ons sorg, en ook vir die bewaring van inligting en die toegang tot inligting. Ringskommissies is weer verantwoordelik om toe te sien dat gemeentes en predikante binne hulle werksruimte die nodige maatreëls in plek plaas, en moet daarom jaarliks (in samehang met die ringsvergadering) opsig hou oor die gemeentes in die ring.

Gemeentes en ringsvergaderings moet ook verseker dat hulle op die hoogte is van die **Riglyne vir die bewaring van gemeentelike argiewe** (beskikbaar op die webblad van die Kerk), sodat die gemeentes en ringe se argiewe gereeld na die Kerkargief gestuur sal word vir veilige bewaring.

Gemeentes en ringskommissies wat meer inligting of groter duidelikheid oor hierdie sake wil hê, is welkom om mnr Nándor Sarkady, kerkargivaris, of dr Wouter van Wyk, sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie te kontak.

Beste wense,



Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie

